WEEK 37 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

ALGEMEEN:

Jaarboek 2020 Bestelvorm: Die Jaarboek van die NG Kerke 2020, verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate. **NB! Gemeentes/belangstellendes moet asseblief kennis neem** dat ***julle sélf verantwoordelik is om Jaarboek 2020 by Bybel-Media Handel te bestel*** - klik **hier** vir die bestelvorm.

Kerkjaarkalender 2020: Vir gemeentes wat sou belangstel om 'n visuele voorstelling en interpretasie van die kerkjaarkalender vir 2020 byderhand te hê, klik **hier** om dit af te laai. Hierdie kalender is gegrond op die bronne soos op die dokument aangedui en gee die kleure wat tradisioneel met die verskillende tye verbind word. Die kerkjaar begin met die eerste Sondag van Advent. Die NG Gemeente Durbanville-Bergsig in die Wes-Kaap se Alida Vorster, is verantwoordelik vir die opstel van dié kalender, 'n groot dank aan haar!

Eerstejaarskampe 2020:

Kougom Kamp, Universiteit van die Vrystaat: **Vanaf 12 - 16 Januarie 2020**, aangebied deur die NG Studentekerk, Bloemfontein - **klik op die logo links**, vir direkte toegang tot die webblad waar voornemende studente kan registreer.

PUK Kandelaar, Potchefstroom: **Vanaf 7 - 10 Januarie 2020**, **klik op biljet regs** vir al die besonderhede.

Universiteitsoord - TUKS Pretoria: **Vanaf 20 - 24 Januarie 2020,** **klik op biljet links**, vir die webblad waar jy vir die kamp kan registreer.

Kruiskerk, Universiteit Stellenbosch: **Vanaf 19 - 22 Januarie 2020, klik op biljet regs**, vir webblad met meer besonderhede en waar julle kan registreer.

OPLEIDINGSGELEENTHEDE

NG GEMEENTE WITRIVIER OASE van JESUSLIEFDE

Bied aan - 'n 40 Dae veldtog vir gemeentes!

Temas:

Week 1: Sien God anders
Week 2: Sien myself anders
Week 3: Sien naby mense anders
Week 4: Sien Kerk anders
Week 5: Sien my gemeenskap anders
Week 6: Sien Suid-Afrika anders

Die groot afskop is 26 Januarie 2020 - klik **hier** om deur die materiaal te blaai.

Dit behels:

- ‘n **GESPREKSGIDS** vir die kleingroepe se byeenkomste
- ‘n **LEIERSGIDS** vir die kleingroepe se Bybelbesprekings
- ‘n Kort **DVD** inleiding wat help om die week se tema te verstaan.
- Meditasie **DAGSTUKKIES** wat mense help om die boodskap self te ontdek.
- **Gratis PREKE** wat hand-aan-hand met die temas gaan is ook gratis beskikbaar by die bestelling.
- Die loods van ‘n 40 veltog en die kontinuïteit van kleingroepe in gemeentes**.**

Koste per boek (56 bladsye) @ R24.11 per eksemplaar - bestel dit **hier**
ONTHOU! Registreer **eers** as julle ‘n eerste keer deelneem aan hierdie reekse. Vorige reekse is ingedeel in vier kategorieë (klik **hier**):

- Gemeentes se **Identiteit en Roeping**
- Reekse oor die **Heilige Gees**
- Reekse oor **Praktiese Christenskap**
- Reekse oor gemeentes se **Getuienis na buite**

Rig enige navrae aan ds Jurgens de Jager by **dsjurgens@ngwitrivier.co.za** of 079 292 9545

Kursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens: Die Alfa Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskap Sentrum (Gestig 1987), bied hierdie kursus vir die sesde jaar aan **vanaf 1 Maart 2020 tot 31 Maart 2021.** Die sertifikaat vir hierdie kursus is deur die Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling (UP), geakkrediteer en 120 x VBO-punte kan verdien word. Vir meer inligting en kontakbesonderhede, klik **hier**.

Excelsus se 2020-program is beskikbaar, klik **hier**.